# DIE KLEIN GEKOLDE KAT

**J.P. Watson**

Die naam, Klein gekolde kat, is onlangs voorgestel in die plek van die meer bekende naam, Swartpoot wildekat. Laasgenoemde naam was omdat die voetsole van die naverwante Vaalboskat ook swart is en dus nie beskrywend genoeg is nie. In die oostelike Kaapprovinsie staan die diertjie ook bekend as die "Miershooptier".

Die Klein gekolde kat *Felis nigripes* is die kleinste spesie in die katfamilie. Die stert is kort, minder as die helfte van die liggaamslengte. Volwasse mannetjies is ongeveer 579 mm lank en weeg gemiddeld 1,6 kg terwyl die wyfies ongeveer 513 mm lank is en gemiddeld 1,1 kg weeg.

Hulle verkies oop veld met lang gras of struike vir skuiling. Die diere is alleenlopend en naglewend. Bedags skuil hulle in gate in die grond of in ou termiethope of in digte plantegroei. Hulle kom hoofsaaklik in die droeër warm gedeeltes van suidelike Afrika voor waar die reënval wissel van 100 mm tot 500 mm per jaar.

Die diere het 'n dra-tyd van 67-68 dae waarna een tot drie kleintjies in die vroeë somer gebore word. Hulle voedselvoorkeur is grotendeels klein soogdiere (muise), jagspinnekoppe en in 'n mindere mate reptiele, voëls en insekte. Hulle word nie mak as hulle hans grootgemaak word nie, maar bly aggressief. Dié aggressie gaan gepaard met 'n gespoeg en geblaas terwyl hulle in 'n donker hoekie skuiling soek.

Die bewaringsstatus word in die 'South African Red Data Book for Small Mammals' aangegee as raar m.a.w. die bestaande populasie is klein maar nog nie in gevaar nie. Diere in die kategorie het 'n klein geografiese verspreiding met 'n lae populasiedigtheid.



Die Klein gekolde kat.

*(Foto: African Wildlife, Vol. 31, (1)).*



*Verspreiding in Afrika.*